

## Donderdag 21 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 17:1-18**

**Fokusgedeelte: Josua 17:14-18**

### **Steek jou hande uit om te wêrk, nie om gunste te vra nie**

Met die moontlike uitsondering van Juda het geen stam meer en beter grondgebied as Efraim en Manasse ontvang nie. Nogtans was hulle nie vergenoegd nie. Hulle wou méér hê omdat hulle “*baie mense*” was wat “*besonderlik deur die Here geseën is*”.

Hoe jammer is dit dat hulle hierdie seën nie genoegsaam waardeer het nie. Want eerder as om in vertroue op die Here teen die Kanaäniete uit te trek en hulle grondgebied in besit te neem, staan hulle hul in ongeloof blind teen die ysterstrydwaens van die vyand. Dit sal soveel makliker wees as Josua vir hulle sommer net – selfs ten koste van ’n ander stam – grondgebied kan gee wat hulle sonder stryd en moeite in ontvangs kan neem!

Hoe verskil hierdie mense se styl en fokus van hulle voorvader Josef s’n! Ten spyte van die liefdeloosheid van sy broers, die bedrog van Potifar se vrou, die ongemak van die tronk en die vergeetagtigheid van die farao se skinder, het Josef deurgaans nét op die Here vertrou. Dít het van hom meer as ’n oorwinnaar op die avontuurpad van die lewe gemaak!

Derhalwe beveel Josua hoflik maar ferm aan dat die Josefstamme vir hulle ’n stuk boswêreld moet gaan skoonmaak. Hulle moet deur harde werk sélf vir hulle ’n toekoms gaan uitkerf, want wat te maklik kom, gaan ook weer te maklik verlore. En wat hulle vyande betref, moedig Josua hulle aan om in vertroue op die Here tot die aanval oor te gaan. Die oorwinning hang nie af van perde en strydwaens nie, maar van die hemelse Leërowerste wat groter is as enige vyand.

Ons lewe ook onder uitdagende omstandighede. Ons word gekonfronteer met baie moderne gestaltes van vyande met ysterstrydwaens. Laat ons as bruid van die lewende Christus altyd onthou: Die mens wat voluit op die Here vertrou en gehoorsaam voor Hom leef, kom nooit bedroë daarvan af nie!

*Sing: Psalm 91-1:1, 4, 6*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)*